# DIE SKIPPERTJIE

Nuusbrief van Laerskool Park, Mosselbaai

20/2026 (Skippertjie nr. 70) 5 Junie 2026

## IN HIERDIE UITGAWE

UIT DIE KAJUIT

BELANGRIKE INLIGTING EN UITSLAE

1. Buitemuurse aktiwiteite
2. Skooltye tydens die eksamen
3. Toetsreeks en assessering
4. Sluiting van skole deur die WKOD
5. Eden-netbal
6. Redenaars
7. Rugby- en netbaluitslae
8. Buite aktiwiteite
9. Skoolfonds vir 2026
10. Vadersdag geskenke

***"It's not stress that hurts us; it is our reaction to it."***
Hans Selye

## Afrikaanse idioom van die week

**Dit is net die punt van die ysberg**

*Dit is net iets klein van iets baie groter wat jy nie nou kan sien of besef nie.*

**2026 SKOOLKWARTALE**

**2de:** 8 April – 26 Junie
**3de:** 21 Julie – 23 September
**4de:** 6 Oktober – 9 Desember

## UIT DIE KAJUIT

Die kwartaal staan nou einde se kant toe en hierdie tyd is dit baie belangrik om seker te maak dat ons die akademiese werk goed afhandel. Die toetsreeks (lees mini-eksamen) vir Graad 4-7 leerders begin komende Maandag. Vir sommige leerders (en ouers) kan dit partykeer 'n stresvolle tyd wees. Daarom deel ek graag 'n paar wenke wat u as ouer en u kind kan help om die toetsreeks minder stresvol en suksesvol af te handel:

- **Skep 'n rustige atmosfeer** en 'n plek in die huis sodat u kind kan fokus wanneer hy/sy leer
- **Verminder buitemuurse** aktiwiteite
- **Verminder skermtyd**, bv. TV, rekenaars, tablette en selfone
- **Maak seker u kind eet gesond**, veral soggens voor skool sodat hulle genoeg energie het
- **Begin vroeg voorberei** vir elke vak. As hulle wag tot die dag voor die vraestel geskryf word, kan dit stres veroorsaak indien daar werk kort of nie verstaan word nie
- **Moedig u kind aan** wanneer dit dalk met 'n sekere vak nie so goed gegaan het nie

Deur al hierdie dinge te doen, is u kind al halfpad daar en sal dit goed gaan met hom/haar. Baie sterkte met die toetsreeks aan al ons leerders. Mooi naweek vir almal en sterkte vir volgende week.

*Dr. André Smith*

## BELANGRIKE INLIGTING EN UITSLAE

**1. Buitemuurse aktiwiteite**

Let asb. daarop dat, weens die assesseringstyd, geen buitemuurse aktiwiteite meer plaasvind nie, behalwe vir enkele senior spanne wat gaan oefen, bv. toerspanne. Afrigters sal self oefentye met hierdie spanne kommunikeer. Hierdie reëling geld tot aan die einde van die kwartaal.

**2. Skooltye tydens die toetsreeks**

Die skooltye vanaf Maandag, 8 Junie tot aan die einde van die kwartaal is as volg:

- **Graad RRR – R: 07:30 – 12:15**
- **Graad 1 – 3: 07:30 – 13:00**
- **Graad 4 – 7: 07:30 – 13:00**

**3. Toetsreeks en assessering**

Ouers word versoek om seker te maak dat leerders goed voorbereid is vir elke dag se vraestel. Let asb. daarop dat graad 6 en 7-leerders WKOD-vraestelle skryf in Afrikaans, Wiskunde, Lewensoriëntering en Natuurwetenskap. Dit is baie belangrik dat alle leerders elke dag skool sal bywoon. Enige afwesigheid tydens die toetsreeks moet met 'n doktersbrief gepaard gaan.

100% Parkies

## Kontak ons:

Kaapweg 49 Mosselbaai
Posbus 96, Mosselbaai, 6500
Tel: 044 691 1020/1
Epos: navrae@lspark.co.za
www.laerskoolpark.co.za


### VOLGENDE WEEK SE PROGRAM

Ma, 8 Jun: Toetsreeks: Afrikaans Gr 4-7
Di, 9 Jun: Toetsreeks: Aard. Gr 4-7
Tegnologie Gr 7
Wo, 10 Jun: Toetsreeks: Wiskunde Gr 4-6
EBW Gr 7
Do, 11 Jun: Toetsreeks: NW/Teg Gr 4-6
NW Gr 7
Vr, 12 Jun: Toetsreeks: PSW Gr 4-6
LO Gr 7
SK Gr 7
SWD o/13 Suide-rugbytoernooi
Sa, 13 Jun: Landloop (George)




### BANKBESONDERHEDE

Naam: Laerskool Park
Bank: Standard Bank
Rekeningnommer: 060822643
Tipe rekening: Business Current Account
Takkode: 051001 (George)
Verwysing: Familiekode

**4. Sluiting van skole deur die WKOD**

Die sluiting van die skole vir twee dae die afgelope week was 'n direkte opdrag vanaf die WKOD, waaraan ons as skoolbestuur en -beheerliggaam gehoor moet gee. Dit het genoodsaak dat die twee toetsvraestelle wat die graad 7-leerders hierdie week sou skryf, aangeskuif is na volgende week. Die aangepaste rooster is reeds aan die graad 7's uitgestuur. Die rooster bly presies dieselfde vir die res van die leerders. Ons vra om verskoning vir die ongerief wat dit veroorsaak het, maar dit is omstandighede buite ons beheer. Baie dankie vir almal se samewerking en positiwiteit.

**5. Eden-netbal**

Baie geluk aan Gia London en Azaleah October wat in die Eden o.11-span ingesluit is wat gedurende die vakansie aan die Wes-Kaap Interdistrikte toernooi te Bredasdorp gaan deelneem.

**6. Redenaars**

Baie geluk aan die volgende leerders wat goed gevaar het in verskeie kompetisies:

- Delia Otto – Prima redenaars (nasionale rondte) en Oppie-Tong-Af (A+)
- Inge Suhr – Kansvatter redenaars (A+)
- Ingrid Keyser – Radikale redenaars (Lees: Prosa A+)

**7. Rugby- en netbaluitslae**

Uitslae van die rugby- en netbalwedstryde van die week was as volg:
**Teen Laerskool Vorentoe:**
**Netbal:** o/10C wen teen o/10B 5-7; o/10B gelykop teen o/10A 9-9; o/11B verloor teen o/11A 4-7; o/11C gelykop teen o/11B 7-7; o/12B gelykop 11-11; o/12C wen teen o/12B 7-2; o/13B gelykop teen o/13A 17-17; o/13C wen teen o/13B 14-3.
**Rugby:** o/11B verloor teen o/11A 5-21; o/13B gelykop teen o/13A 7-7.
**Rugby teen Laerskool Laurus:** o/11A gelykop 0-0; o/13C verloor 10-31 teen o/13B; o/13A verloor 14-28.

**8. Buite aktiwiteite**

**Gimnastiek:** Lua Belstead (silwer medalje), Lisa Prinsloo (brons medalje) en Sadie Landman (brons medalje) het baie goed gevaar tydens die Eden-proewe gimnastiekkompetisie. Hulle al drie is ook in die Eden-span opgeneem wat op 26 Junie aan die Wes-Kaap kampioenskappe gaan deelneem. Baie geluk!
Nikita Nel en Jana van Wyk het albei brons medaljes behaal by die Eden-Gimnastiek vriendskaplike kompetisie in die afdeling Artisties. Mooi so!

**9. Skoolfonds vir 2026**

Skoolfonds vir 2026 is as volg vasgestel:

- **Graad 1 – 7: R14 400 per jaar**
- **Graad R: R14 800 per jaar**
- **Graad RR: R16 000 per jaar**
- **Graad RRR: R19 500 per jaar**



**NB: Gebruik asb. die skool se nuwe bankbesonderhede *(sien die blokkie langsaan)***

**10. Vadersdag geskenke**

Met Vadersdag wat volgende Sondag plaasvind, loods die leiers 'n projek vir die verkoop van Vadersdag geskenkies. Dit kan tot 9 Junie by die leiers bestel word. *Sien die advertensie onderaan.*

DIS... VADERSDAG!

*Kom geniet*

# VADERSDAG

DIE BESTE VIR PA

## ALTITUDE TEE FRESH GOLF BAL MINTS

100% Parkie




**R40** PER PRODUK

## ALTITUDE HAPPY-TRAVELS CAR VENT AIR FRESHENER

100% Parkie



**R40** PER PRODUK

## ALTITUDE SLEUTELHOUERS

100% Parkie




**R40** PER PRODUK

## ALTITUDE MAATBAND SLEUTELHOUERS

100% Parkie




**R40** PER PRODUK

**PLAAS JOU BESTELLINGS:** BY JOU PREFEKTE

**BESTELLINGS SLEGS VANAF** 1 JUNIE TOT 9 JUNIE

100% Parkie

**NET KONTANT ASSEBLIEF**

# GR RR & R

## HOEKOM BY ONS OEFEN...

**AFRIGTERS BESKIK OOR JARE SE ONDERVINDING IN DEELNAME EN AFRIGTING.**

**IN GROOT GROEPE MET TE VEEL GROOT KINDERS RAAK KLEINTJIES SOMS VERLORE OF KRY NIE ALTYD DIE NODIGE AANDAG NIE**




**MARNA VAN ZYL**

**083 4994 229**

**NEVER GIVE UP**

# GR 1-12

**BINNEKORT BEGIN ONS WEER MET VOORBEREIDING VIR DIE VOLGENDE ATLETIEK SEISOEN.**

**NIEK HARTEVELD**

**OOGKUNDIGE/OPTOMETRIST**

## ONTMOET ONS OOGKUNDIGES




## PERSOONLIKE OOGSROG: VISIE MET KUNDIGHEID

Omvattende oogtoetse - Brille - Sonbrille - Miopiebeheer - Kontaklenspassing - Gloukoom-sifting - Bestuurlisensie oogtoetse

044 695 1688 | 066 562 6754 | 19 Ryk Tulbach str, Da Nova

# Heiderand Mall

THE SHOPPING EXPERIENCE YOU DESERVE

www.heiderandmall.co.za

# THE PERFECT GIFT

## AVAILABLE FROM OUR CENTRE MANAGEMENT OFFICE




Randa Sport
083 390 8000
fb Randa Cycle and Run
Mossel Bay
Jou Hokkie Vennoot!
*Hokkie stokke
*Gloves
*Grips
*Shinguards
*Balls
*Keyrings
*Bags
GRYPHON
15 %
Afslag
vir alle
Parkies !!
UNDER ARMOUR
BROOKS
Marsh Straat 43
( langs OK Minimark)


PARK
VOLHARD - PERSEVERE
LAERSKOOL PARK
NASORGSENTRUM
VANAF JANUARIE 2026
R 900 per maand
13:00 - 17:30
REGISTREER NOU
Navrae: 044 691 1020
Inskrywingsvorm by skool of op die webblad beskikbaar